**UITGEWERKTE VOORBEELD VAN 'N**

**JAAREIND GRAAD 12 REKENINGKUNDE EKSAMENVRAESTEL**

**VOORBEREI DEUR NEW ERA REKENINGKUNDE**

# VRAESTEL 2

*Saamgestel deur: D Woodroffe, P Singh, A Ash & MH Aboobaker*

| Vraag | Onderwerp | Punte | Minute |
|---|---|---|---|
| 1 | Voorraadwaardasie, kontrole en etiek | 35 punte | 20 minute |
| 2 | Kontantbegroting en Geprojekteerde inkomstestaat | 55 punte | 45 minute |
| 3 | Vervaardiging | 35 punte | 35 minute |
| 4 | Krediteureversoening en kontrole | 25 punte | 20 minute |
| | **TOTALE** : | **150 punte** | **120 minute** |

**Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye.**

New Era Kantoor: 031-2632201 E-pos: newgen@netactive.co.za

New Era Opleiding & Studiegidse: 083-9600015 van dwoodroffe@telkomsa.net
Webwerf: www.newerapublishers.co.za

New Era Rekeningkunde Studiegidse vir Graad 10, 11 & 12
Om te bestel gaan aanlyn na:
www.newerapublishers.co.za/product-category/accounting/

## VRAAG 1: VOORRAADWAARDASIE, KONTROLE & ETIEK (35 punte; 20 minute)

1.1 Kies die korrekte antwoord uit die onderstaande lys vir elke stelling hieronder. Skryf slegs die antwoord langs die nommers (1.1.1 – 1.1.5) in die ANTWOORDBOEK.

| periodieke voorraadstelsel; deurlopende voorraadstelsel; EIEU; geweegdegemiddelde-metode; spesifieke identifikasiemetode |
|---|

1.1.1 Groot, individuele voorraaditems word teen hulle oorspronklike faktuurprys waardeer.

1.1.2 Die slotvoorraad se waarde neem die mees onlangse prys wat betaal is in berekening.

1.1.3 'n Voorraadopname aan die einde van 'n finansiële periode sal enige tekorte bepaal.

1.1.4 Verandering aan voorraad word in 'n aankoperekening geboekstaaf.

1.1.5 Hierdie waardasiemetode is gepas vir goedkoop goedere wat met gereelde tussenposes aangekoop word. (5)

1.2 **THANDI SKRYFBEHOEFTES**

Thandi Skryfbehoeftes gebruik die geweegdegemiddelde-metode om die skooltasse te waardeer. Hulle het onlangs besluit om rekenaarsakke te verkoop en gebruik die spesifieke identifikasiemetode om die waarde en die items te bepaal.

Die finansiële jaareinde is 30 Junie elke jaar.

**GEVRA:**

1.2.1 Bereken die volgende vir die **skooltasse** op 29 Februarie 2020:

- Waarde van die slotvoorraad (8)
- Voorraadomsetsnelheid (4)

1.2.2 Thandi vermoed dat skooltasse ten spyte van die sekuriteitskameras gesteel word.
- Bereken die getal skooltasse wat vermis word. (5)
- Gee TWEE voorstelle om die probleem aan te spreek. (2)

1.2.3 Bereken die waarde van die slotvoorraad van die **rekenaarsakke** op 29 Februarie 2020. (5)

1.2.4 'n Werknemer noem aan Thandi dat die aankoopsbestuurder, Donald se broer, Pieter, die enigste aandeelhouer in Bag-It (Edms.) Bpk. is. Thandi onthou dat sy Bag-It (Edms.) Bpk. vir die rekenaarsakke wat aangekoop is, betaal het.
'n Ander verskaffer van dieselfde rekenaarsakke sê vir Thandi dat hulle R100 per sak goedkoper vra as Bag-It (Edms.) Bpk.

Verduidelik die aard van die probleem wat Thandi ondervind. Watter stappe moet sy neem om die probleem aan te spreek? Gee DRIE punte. (6)

***Inligting is op die volgende bladsy***

**INLIGTING:**

**A. VOORRAADREKORDS VIR SKOOLTASSE:**

| | **EENHEDE** | **EENHEIDS-PRYS (R)** | **BEDRAG (R)** |
|---|---|---|---|
| **Voorraadsaldo op 1 Maart 2019** | **170** | | **R24 910** |
| | | | |
| **Verkope gedurende die jaar:** | **1 780** | | **R283 700** |
| April 2019 | 500 | R150 | R75 000 |
| Augustus 2019 | 800 | R160 | R128 000 |
| November 2019 | 330 | R165 | R54 450 |
| Januarie 2020 | 150 | R175 | R26 250 |
| | | | |
| **Terugsendings (vanaf Januarie 2020)** | **30** | **?** | **?** |
| | | | |
| **Voorraadsaldo: 29 Februarie 2020** | **147** | **?** | **?** |
| | | | |
| **Totale Verkope** | **1 763** | **R260** | **R458 380** |

**B. VOORRAADREKORDS VAN REKENAARSAKKE:**

**VERKOPE:**

| **MAAND** | **MODEL** | **EENHEDE** | **EENHEID PRYS** | **BEDRAG** |
|---|---|---|---|---|
| September 2018 | GUGU | 150 | R650 | R97 500 |
| | JITSU | 200 | R700 | R140 000 |
| Januarie 2019 | GUGU | 120 | R650 | R78 000 |
| | JITSU | 120 | R700 | R84 000 |
| April 2019 | GUGU | 50 | R650 | R32 500 |
| | JITSU | 75 | R700 | R52 500 |

**VERKOPE:**

| **MODEL** | **EENHEDE VERKOOP** | **VERKOOPPRYS** | **BEDRAG** |
|---|---|---|---|
| GUGU | 150 | R980 | R147 000 |
| JITSU | 140 | R1 100 | R154 000 |



*Kopiereg voorbehou* 

## VRAAG 2: KONTANTBEGROTING EN GEPROJEKTEERDE INKOMSTESTAAT

**(55 punte; 45 minute)**

2.1 **WOOD HANDELAARS (Edms.) Bpk.**

Jy word voorsien van inligting vir twee maande. Die finansiële jaar begin op 1 Maart elke jaar.

### GEVRA:

2.1.1 Verwys na Inligting G hieronder. Bereken Salarisse en lone wat in Mei 2020 betaal moet word. (4)

2.1.2 Verwys na Inligting J hieronder. Bereken die bedrag wat op 31 Mei 2020 aan Ace-Tech betaal moet word. (5)

2.1.3 Voltooi die Kontantbegroting vir April en Mei 2020. Sekere bedrae is reeds vir jou ingevul. (20)

**UITTREKSEL UIT DIE GEPROJEKTEERDE INKOMSTESTAAT:**

| | **APRIL 2020** | **MEI 2020** |
|---|---|---|
| Verkope | R1 312 500 | R1 246 875 |
| Koste van verkope | 750 000 | 712 500 |
| Kommissie inkomste | 10 500 | 12 000 |
| Diverse uitgawes | 28 000 | **?** |
| Waardevermindering | 8 300 | 8 300 |
| Salarisse en lone | 97 000 | **?** |
| Oninbare skuld | **?** | 27 000 |
| Advertensies | 0 | 14 000 |
| Rente uitgawe (11% p.j.) | 6 600 | 4 950 |

**ADDISIONELE INLIGTING:**

A. Kontantverkope beloop 'n vaste persentasie van alle verkope.

B. Voorraad word in dieselfde maand van verkope vervang. 'n Vaste winsopslag-% word toegepas.

C. 20% van alle verkope van voorraad word kontant gekoop.

D. Alle krediteure word ten volle betaal binne 30 dae (in die maand wat volg op die aankope) minus 'n korting van 4%.

E. Kommissie word twee maande na dit verdien is, betaal. Daar word begroot om kommissie met R1 500 per maand te verhoog.

F. Diverse uitgawes bestaan slegs uit kontant items. Daar word verwag dat dit elke maand met 7,5% sal verminder.

***Inligting volg op die volgende bladsy***

G. Die onderneming het 'n bestuurder en 12 werkers in diens.
- Die bestuurder verdien R13 000 per maand en sy sal 'n bonus van R26 000 in Mei ontvang.
- Daar word bedankings van 2 werkers verwag, met effek 1 Mei 2020. Hulle sal nie vervang word nie, maar die oorblywende werkers sal 'n 10% verhoging op dieselfde datum ontvang.

H. Advertensies sal vanaf 1 Mei in 'n tydskrif verskyn op die eerste dag van elke maand. Betaling om 4 advertensies te dek, sal ten volle op 15 April gemaak word.

I. Die rentekoers is 11% p.j. Rente word nie gekapitaliseer nie en word maandeliks betaal. 'n Gedeelte van die lening sal op 30 April 2020 terugbetaal word.

J. 'n Lêer-bedienerrekenaar sal teen boekwaarde ingeruil word vir 'n meer doeltreffende rekenaar wat by Ace-Tech gekoop sal word en op 31 Mei 2020 betaal sal word. Die koste van die nuwe rekenaar is R71 400.

Besonderhede van die ou rekenaar in die vastebateregister is:
Rekenaar (teen kosprys): R43 200
Opgehoopte waardevermindering op 1 Maart 2020: R28 800
Waardevermindering is 33⅓% op kosprys.

## 2.2 **UNIQUE TAFELS (Edms.) Bpk.**

Jy word voorsien van inligting vir twee maande geëindig 30 April 2020. Die onderneming verkoop net een tipe tafel.

**GEVRA:**

2.2.1 Bereken die persentasie verhoging in die begrote bedrag vir salarisse en lone vir April 2020. Verduidelik waarom die werknemers met die verhoging tevrede sal wees. Gee TWEE punte. (4)

2.2.2 Die finansiële direkteur is tevrede met die boekhouer en interne ouditeur se werk. Identifiseer 'n uitgawe wat aandui dat hy korrek is. Verduidelik jou antwoord. (3)

2.2.3 'n Mededinger, Mod Tafels, wat slegs kontant verkoop, open 'n nabygeleë winkel op 1 April 2020.

- Lewer kommentaar op hoe die nuwe mededinger die verkope van Unique Tafels beïnvloed het. Voorsien bedrae. (4)
- Verduidelik hoe Unique Tafels op hierdie probleem reageer het. Gee DRIE punte van belang. Voorsien bedrae. (9)

2.2.4 Die direkteure kan nie verstaan waarom daar 'n kontant tekort van R502 000 in April 2020 was toe die bruto wins R120 000 onder die begroting was nie (as gevolg van afname in verkope), terwyl daar 'n besparing in die totale bedryfsuitgawes van R46 000 was.

Gee DRIE punte met bewyse vanuit die vraag om aan te toon wat verantwoordelik kon wees vir die groot kontant tekort van R502 000. (6)

***Inligting is op die volgende bladsy***

**INLIGTING**:

**A. Algemene inligting**:

- Die onderneming het begroot om 400 tafels per maand te verkoop.
- Die koste per tafel is R2 000 en die verkoopprys is R3 500. Geen korting is toegestaan nie.
- Die voorraad tafels word in die maand van verkope vervang.
- Die onderneming gebruik Vuca Aflewering om tafels aan elke klant af te lewer.
- Verbandlenings aangegaan by die banke oorskry nie 80% van die eiendom se waardes nie.
- Die amptelike inflasiekoers is 6% en rentekoerse is 14% op die verbandlenings en 7% op vaste deposito's.

**B. Uittreksel uit die Kontantbegroting**:

| | MAART 2020 | | APRIL 2020 | |
|---|---|---|---|---|
| | **GEPROJEK-TEERDE** | **WERKLIKE** | **GEPROJEK-TEERDE** | **WERKLIKE** |
| Kontant surplus (tekort) vir maand | 210 000 | 240 000 | 140 000 | (502 000) |
| Kontant aan die begin van die maand | 125 000 | 125 000 | 335 000 | 365 000 |
| Kontant aan die einde van maand | **335 000** | **365 000** | **475 000** | **(137 000)** |

**C. Geprojekteerde Inkomstestaat:**

| | **MAART 2020** | | **APRIL 2020** | |
|---|---|---|---|---|
| | **GEPROJEK-TEERDE** | **WERKLIKE** | **GEPROJEK-TEERDE** | **WERKLIKE** |
| Getal tafels verkoop | **400 tafels** | **430 tafels** | **400 tafels** | **320 tafels** |
| Kontantverkope | 1 120 000 | 1 204 000 | 1 120 000 | 280 000 |
| Kredietverkope | 280 000 | 301 000 | 280 000 | 840 000 |
| **Totale verkope** | 1 400 000 | 1 505 000 | 1 400 000 | 1 120 000 |
| Koste van verkope | (800 000) | (860 000) | (800 000) | (640 000) |
| **Bruto wins** | 600 000 | 645 000 | 600 000 | 480 000 |
| **Bedryfsuitgawes** | (354 000) | (363 000) | (472 000) | (426 000) |
| Direkteursfooie | 110 000 | 110 000 | 110 000 | 55 000 |
| Salarisse en lone | 48 000 | 48 000 | 53 000 | 53 000 |
| Waardevermindering | 18 000 | 18 000 | 18 000 | 30 000 |
| Advertensie | 15 000 | 15 000 | 15 000 | 50 000 |
| Aflewering van tafels | 120 000 | 129 000 | 120 000 | 120 000 |
| Ouditfooie | 0 | 0 | 110 000 | 70 000 |
| Diverse uitgawes | 17 000 | 17 000 | 17 000 | 17 500 |
| Motorvoertuig uitgawes | 0 | 0 | 0 | 13 000 |
| Huur uitgawe | 26 000 | 26 000 | 29 000 | 0 |
| Rente: verbandlening | 0 | 0 | 0 | 17 500 |
| **Bedryfswins** | **246 000** | **282 000** | **128 000** | **54 000** |



*Kopiereg voorbehou* 

## VRAAG 3 VERVAARDIGING (35 punte; 35 minute)

Jy word voorsien van inligting rakende Best-Buy Bakkery Bpk. vir April 2020 met vergelykende bedrae vir Maart 2020. Hulle twee produkte word in aparte fabrieke gemaak.

Die onderneming het vir baie jare 'n goeie reputasie met die vervaardiging van bokse luukse beskuit en open 'n ontbytpapfabriek op 1 Maart 2020.

**Let op die volgende**:

- Daar is geen goedere-in-bewerking aan die begin of einde van enige maand nie.
- Alle vervaardigde goedere word aan kleinhandelaars in die maand van produksie verkoop.
- Daar is geen prys of koersverandering oor hierdie laaste twee maande nie.
- Oortyd word betaal teen dieselfde koers as normale tyd plus 20%.
- Jy moet bedrae aanhaal om al jou kommentaar en verduidelikings te ondersteun.

**GEVRA**:

3.1 Bereken die volgende vir die **Beskuitfabriek** in April 2020:

3.1.1 Totale koste van produksie soos aangetoon in die Produksiekostestaat. (5)

3.1.2 Gelykbreekpunt (4)

3.2 Die direkteure is nie tevrede met die afname in netto wins op **Beskuit** in April 2020 nie. Lewer kommentaar op die verandering in die volgende items vir Beskuit in April 2020:

3.2.1 Gelykbreekpunt en produksievlak (4)

3.2.2 Vaste koste per eenheid. Verduidelik waarom dit verander het. (4)

3.2.3 Direkte materiaalkoste per eenheid. Gee ook TWEE moontlike redes vir die veranderinge en hoe dit reggestel kan word. (6)

3.3 Die **Ontbytpapfabriek** het op 1 Maart 2020 geopen. Een van die aandeelhouers het gesê dat die direkteure nie hul werk behoorlik doen nie, dat hulle niks van ontbytpap weet nie en dat dit 'n swak besluit was om ontbytpap te begin vervaardig.

Verduidelik wat die HUB by die AJV sal sê om die aandeelhouers te oortuig dat hulle aantygings nie waar was nie. Noem die doelbewuste besluite of aksies wat die direkteure oor die laaste twee maande geneem het en gee bewyse om jou mening te ondersteun. Haal bedrae aan. (8)

3.4 Bereken die volgende vir **Ontbytpap**:

3.4.1 Die addisionele wins wat in Mei 2020 gemaak sal word indien produksie en verkope met 10% verhoog. (2)

3.4.2 Die getal ekstra eenhede wat in Mei 2020 geproduseer en verkoop moet word om 'n addisionele wins van R300 000 te maak. (2)

***Inligting is op die volgende bladsy***

**INLIGTING:**

## A. PRODUKSIE, WINSOPSLAG EN GELYKBREEKPUNTE

| | BESKUIT | | ONTBYTPAP | |
|---|---|---|---|---|
| | **April** | **Maart** | **April** | **Maart** |
| Eenhede vervaardig en verkoop | 29 000 eenhede | 40 000 eenhede | 19 000 eenhede | 13 500 eenhede |
| Totale koste van produksie | **?** | R2 159 000 | R818 200 | R659 700 |
| Eenheidskoste van produksie | **?** | R53,98 | R43,06 | R48,87 |
| Verkoopprys per eenheid | R97,00 | R95,00 | R80,00 | R65,00 |
| Winsopslag% | 45,1% | 76,0% | 68,4% | 33,0% |
| Gelykbreekpunt | **?** | 18 578 eenhede | 8 615 eenhede | 21 265 eenhede |

## B. EENHEIDSKOSTE

| | BESKUIT | | ONTBYTPAP | |
|---|---|---|---|---|
| | **April** Per eenheid | **Maart** Per eenheid | **April** Per eenheid | **Maart** Per eenheid |
| **VERANDERLIKE KOSTE PER EENHEID:** | **R56,50** | **R48,60** | **R41,00** | **R49,20** |
| Direkte materiaal | R15,40 | R11,80 | R20,40 | R20,00 |
| Direkte arbeid | R31,50 | R27,70 | R9,40 | R10,20 |
| Verkoop en distribusie | R9,60 | R9,10 | R11,20 | R19,00 |
| **VASTE KOSTE PER EENHEID:** | **R29,70** | **R21,55** | **R17,68** | **R24,89** |
| Fabrieksbokoste | R19,94 | R14,47 | R13,26 | R18,67 |
| Administratiewe koste | R9,76 | R7,08 | R4,42 | R6,22 |

## C. INLIGTING VANAF INKOMSTESTAAT:

| | BESKUIT | | ONTBYTPAP | |
|---|---|---|---|---|
| | **April** | **Maart** | **April** | **Maart** |
| Verkope | **?** | R3 800 000 | R1 520 000 | R877 500 |
| Bruto wins | R873 900 | R1 641 000 | R701 800 | R217 800 |
| Net wins (verlies) | R313 200 | R994 000 | R405 000 | (R122 700) |

## D. TOTALE KOSTE

| | **BESKUIT** **Maart** | **ONTBYTPAP** **April** | **BESKUIT** **Maart** | **ONTBYTPAP** **April** |
|---|---|---|---|---|
| Totale koste | R2 499 800 | R2 806 000 | R1 115 000 | R1 000 200 |
| Totale veranderlike koste | R1 638 500 | R1 944 000 | R779 000 | R664 200 |
| Totale vaste koste | R861 300 | R862 000 | R336 000 | R336 000 |

**35**

## VRAAG 4: KREDITEUREVERSOENING EN KONTROLE (25 punte; 20 minute)

Jy word voorsien van die Krediteuregrootboekrekening van Mega Groothandelaars in die boeke van Madiba Handelaars en 'n rekeningstaat ontvang vanaf Mega Groothandelaars op 25 Maart 2020.

**GEVRA:**

4.1 Bereken die korrekte saldo van Mega Groothandelaars in die Krediteuregrootboek-rekening van Madiba Handelaars. Toon die veranderinge aan die bedrag van R92 340. (11)

4.2 Berei 'n Krediteureversoeningstaat voor vir Mega Groothandelaars op 31 Maart 2020. (10)

4.3 Gee TWEE redes waarom Mega Groothandelaars nie tevrede behoort te wees met hul kredietkontroleur oor die wyse waarop die rekening van Madiba Handelaars gekontroleer is nie. (4)

**INLIGTING:**

**A. Uittreksel uit die Krediteuregrootboek van Madiba Handelaars:**

| **MEGA GROOTHANDELAARS (KG12)** | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| 2020 | | | **Debiet** | **Krediet** | **Saldo** |
| Maart | 1 | Saldo | | | 54 000 |
| | 5 | Faktuur 222 | | 14 000 | 68 000 |
| | 8 | EFO | 12 300 | | 55 700 |
| | 17 | Faktuur 321 | | 62 500 | 118 200 |
| | 18 | Debietnota746 | 5 760 | | 112 440 |
| | 20 | Faktuur 396 | | 25 350 | 137 790 |
| | 23 | Faktuur 98r | | 27 300 | 165 090 |
| | 24 | Debietnota97 | | 3 400 | 168 490 |
| | 25 | Joernaalbewys 943 | 3 600 | | 164 890 |
| | 31 | EFO | 71 100 | | 93 790 |
| | | Korting ontvang | 1 450 | | 92 340 |

**B. Staat ontvang op 25 Maart 2020:**

| **MEGA GROOTHANDELAARS** | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|
| **Posbus 771, Rossburgh, 3682.** | | | | **Tel: (042) 700 6214** | |
| **Datum: 25 Maart 2020** | | | | **Aan: Madiba Handelaars** | |
| **Kredietlimiet: R 50 000** | | | | **Posbus 1019** | |
| **Kredietterme: 30 dae** | | | | **Wandsbeck 3582** | |
| **Rente op agterstallige rekening word teen 6% gehef.** | | | | | |
| 2020 | | | **DEBIET** | **KREDIET** | **BEDRAG** |
| Maart | 1 | Rekening gelewer | | | 54 000 |
| | 2 | Rente | 870 | | 54 870 |
| | 5 | Faktuur 222 | 14 000 | | 68 870 |
| | 8 | Direkte deposito | | 12 300 | 56 570 |
| | | Korting toegestaan | | 250 | 56 320 |
| | 17 | Faktuur 321 | 62 500 | | 118 820 |
| | 18 | Kredietnota 511 | | 6 570 | 112 250 |
| | 19 | Kwitansie 673 | | 84 000 | 28 250 |
| | 20 | Faktuur 396 | 38 750 | | 67 000 |
| | 24 | Kredietnota 337 | | 3 400 | 63 600 |

## C. INLIGTING:

1. Voorlopige saldo's:

   - Die rekeningstaat vanaf Mega Groothandelaars op 25 Maart 2020 ontvang, toon dat Madiba Handelaars hulle R63 600 skuld.
   - Die Krediteuregrootboekrekening van Mega Groothandelaars in die boeke van Madiba Handelaars toon 'n uitstaande saldo van R92 340 op 31 Maart 2020.

2. Die rente van R 870 wat op die staat op 2 Maart verskyn, is as gevolg van Madiba Handelaars wat nie hul uitstaande bedrag volgens die kredietterme kon vereffen nie.

3. Die boekhouer van Madiba Handelaars vergeet om die korting ontvang deur Mega Groothandelaars op 8 Maart te boekstaaf.

4. Faktuurnommer 396 is korrek aangetoon in die boeke van Madiba Handelaars op 20 Maart 2019.

5. Faktuur 98 is foutief deur Madiba Handelaars in die Krediteuregrootboek aangetoon. Dit verwys na voorraad aangekoop van 'n ander verskaffer, Max Verskaffers.

6. Mega Groothandelaars toon foutiewelik kwitansie 673 op hul staat. Hierdie transaksie is nie met Madiba Handelaars aangegaan nie. Mega Groothandelaars het Madiba Handelaars ingelig dat hierdie fout op hul volgende staat reggestel sal word. .

7. Goedere teruggestuur op 18 Maart is korrek geboekstaaf op die staat vanaf Mega Groothandelaars. Die inskrywing in die boeke van Madiba Handelaars is foutief.

8. Mega Groothandelaars verkoop ook goedere op krediet vanaf Madiba Handelaars. Madiba Handelaars het 'n debietsaldo vanaf die Debiteuregrootboek oorgedra. Verwys na joernaalbewys 943. Hierdie inskrywing is nog nie deur Mega Groothandelaars geboekstaaf nie.

9. Die transaksie op 24 Maart is ten opsigte van goedere teruggestuur aan Mega Groothandelaars. Stel die fout reg.

10. Die staat vanaf Mega Groothandelaars toon slegs transaksies tot 25 Maart.

**25**

**TOTALE PUNTE: 150**

*Kopiereg voorbehou*